VAARDIGHEDE

ORGANISASIE SPRING IN WEENS GROOT OPLEIDINGSBEHOEFTE

'N GROOT getal bees-, skaap- en bokboere in die opkomende en kommunale sektor het geen toegang tot enige vorm van bystand ten opsigte van vaardigheidsontwikkeling en kennis om hul eie ondernemings te ontwikkel nie.

As opkomende en kommunale boere die regte inligting, voorligting en voorligtingsdienste kry, kan dit 'n groot bydrae lewer om Suid-Afrika meer selfvoorsienend in rooivleisproduksie te maak, sê die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO).

Volgens die RPO nader die opkomende gemeenskappe die rooivleisbedryf dikwels om hulp aangesien die voorligtingsdiens wat deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye aangebied word, nie bevredigend is nie. "Die departement se voorligtingsdienste is nie die antwoord nie en daar is beslis 'n behoefte aan die ontwikkeling van vaardighede wat prakties gerig is," sê mnr. Gerhard Schutte, hoofbestuurder van die RPO.

Die nasionale organisasie vir opkomende rooivleisprodusente (Nerpo) beskou ook transformasie en die ontwikkeling van die rooivleisbedryf as een van sy voorrangsake.

Dié standpunt is op Nerpo se laaste jaarvergadering deur biskop D.P. Mahlangu, voorsitter van die organisasie, beklemtoon.

Die Federasie van Rooivleisprodusente (wat uit Nerpo en die RPO bestaan) het vroeër die omvangryke behoefte aan onder meer opleiding en die ontwikkeling van praktiese vaardighede rondom diereproduksie, dieregesondheid en basiese besigheidsvaardighede geïdentifiseer. Die aanleer van dié vaardighede is belangrik vir die ontwikkeling van klein boerderye.

TRANSFORMASIE

In die lig van die oorweldigende behoefte, hoop die RPO om 'n opleidingsprojek te onderneem waarvolgens ongeveer 440 opkomende en kommunale boere jaarliks opgelei sal word. Die groen lig vir dié projek moet deur die Landboubemarkingsraad gegee word.

Die opleiding sal proporsioneel aangebied word om die opkomende/kommunale boere in al die provinsies te huisves.

Die kursusse sal op die belangrikste vereistes, soos veeteelt, dieregesondheidspraktyke en basiese bestuurspraktyke, klem lê. Die kursusse is by AgriSeta geakkrediteer en sal elkeen oor vyf dae aangebied word.

Die RPO se provinsiale takke sal saam met Nerpo die opkomende boere identifiseer wat vir opleiding in aanmerking kom. Nerpo sal die opleiding ook koördineer en daaraan deelneem. Koordinasie sal die voorsiening van teoretiese opleidings- en praktiese demonstrasiegeriewe insluit.

Die RPO verwag dat die opkomende boere voorgestel sal word aan toeganklike dieregesondheidsmaatskappye, terwyl die geleentheid vir openbare en private vennootskappe in die promosie en aanbieding van die onderskeie opleidingskursusse aangemoedig sal word.

Studente sal op grond van hul teoretiese en praktiese vaardighede beoordeel word om in aanmerking te kom vir 'n sertifikaat van bevoegdheid wat deur AgriSeta geakkrediteer en deur die RPO onderskryf sal word.

- Die RPO het in 2009 die Instituut vir Produksie-ontwikkeling gevestig en het sedertdien meer as 900 plaaswerkers van kommersiële rooivleisboere opgelei. Die opleiding is deur die Instituut vir Suiweltegnologie by AgriSeta geakkrediteer en behels verskeie programme in diereproduksie.

POTENSIAAL

Daar is groot potensiaal binne die bedryf om omset te verhoog as 'n mens in ag neem dat daar tans 13 601 000 beeste in Suid-Afrika is. Dit word aanvaar dat 42% van alle beeste in die land aan opkomende of kommunale boere behoort, wat beteken dat dié sektor van die bedryf ongeveer 5 733 000 beeste besit.

Die totale aantal skape in die land word tans op 24 607 000 geskat. Die opkomende en kommunale sektor van die bedryf besit 12% daarvan. Verder besit die opkomende en kommunale sektor 4 268 000 (of 71%) van Suid-Afrika se 5 998 000 bokke.

Daar is 613 662 huishoudings in die land wat beeste besit, 215 034 wat skape besit en 429 065 wat bokke besit. Die omset van kommersiële beesboere is tans 32%, terwyl dié syfer 8% in die opkomende en 6% in die kommunale sektor is.

Nerpo wil 200 opkomende boere bystaan met die ontwikkeling van hul ondernemingsvaardighede. Dié 200 boere verteenwoordig slegs 0,03% van die huishoudings wat beeste besit.

Die oorblywende 99,7% is opkomende en kommunale boere wat ongeveer tien beeste per huishouding besit. Dit sluit nie huishoudings in wat skape en bokke besit nie.

DIPLOMA

DEELTYDSE VEEKURSUS BIED UITKOMSTE

JONG, voornemende boere wat hulself graag in 'n landbourigting wil bekwaam, maar nie heeltyds by 'n tersiêre instelling kan studeer nie, het nou die kans om 'n volwaardige, praktykgerigte nasionale diploma in veeproduksie op 'n deeltydse grondslag te verwerf.

Volgens die RPO begin sommige jong boere direk ná skool by 'n boerdery werk, terwyl ander jong leerders 'n praktiese leerplan bo 'n akadamiese aanslag verkies.

Die RPO het saam met die landbou-opleidingsinstituut BathoPele 'n formele nasionale diploma in diereproduksie ontwikkel.

Die modules sluit in boerderybestuur, landboumarkte en bemarking, personeelbestuur, infrastruktuur, finansiële bestuur en enterpreneuriese boerderybestuur. Die kursus strek van 18 tot 24 maande met die aanbieding van studieskole van een week op 'n keer.

Die program het 'n praktiese aanslag en die sessies word deur die landboumaatskappy OVK aangebied. Studente skryf nie 'n formele eksamen nie, maar stel tydens elke leermodule 'n omvattende portefeulje saam wat beoordeel word.

Die eerste groep studente het almal die kursus in 2014 geslaag. Vyf nuwe programme word vanjaar op verskillende plekke in die land aangebied.

NAVRAE: Me. Odette Shepperson, e-pos **info@bathopele.net** of tel. **051 451 1120.**

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE ROOIVLEISPRODUSENTE-ORGANISASIE GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY **012 349 1102**.
E-POS: **rpo@lantic.net**. WEBWERF: **www.rpo.co.za**.